

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 April 1977

Onderwerp: Die Bybel

Lees: Jesaja 8 verse 11 tot 23

Teks: Jesaja 8 vers 20

Sing: Psalm 48 vers 4
Gesang 86 verse 1 en 3
Gesang 95 verse 3 en 4

“Jesaja, God se profeet, se lering staan hier teenoor die leringe van die Godvervreemde volkere. En deur hom sê die HERE vir sy volk dat hulle nie moet wandel op die weg van die heidense volke nie, maar om heilige eerbied en vrees te hê alleen vir die HERE van die leërskaare.

“Teenoor die heidense gebruik om geeste van afgestorwenes te raadpleeg, leer die profeet van die HERE: ‘... moet ’n volk nie sy God raadpleeg nie?’ (Jes 8:19) En dan roep hy kragtig uit: ‘Tot die wet en tot die getuienis!’ (Jes 8:20) Met ander woorde, keer terug na die wet en die profetiese getuienis in die Woord van die Heilige Skrifte.

“Broers en Susters, soos daar rede vir die profeet was om in sy tyd op God se bevel die volk terug te roep na die getuienis van die heilige Woord van God, is daar ook vandag rede daartoe. Want daarby geld nog altyd die waarskuwing wat daar bykom: ‘As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle *’n volk* wat geen dageraad het nie.’ (Jes 8:20)

[Dageraad of daeraad is sinoniem vir dagbreek.]

“Jesaja roep ook vir ons na die wet en die getuienis, want dit is die gesaghebbende Woord van God wat vir ons sê wat geen mens ooit vir ons kan vertel nie. Die Skrif self sê: ‘En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn ... terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van ’n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe’. (2 Petr 1:19-21) Daarom weet ons dat die Bybel niks minder as God se Woord is nie.

“God alleen maak aan ons die geheimenisse van sy wêreldplan bekend deur sy profete en apostels in die Heilige Gees. God gee inhoud aan hierdie Boek. Hy het ons hierdie profetiese Woord gegee sodat ons Hom daaruit kan leer ken. Daarom Broers en Susters, is dit net die Bybel alleen wat ons leer wat God se wil vir ons is en hoe ons na God se welbehag moet lewe. Dit is slegs hierdie Boek wat die mens die weg van Saligheid kan wys en hom daarop kan lei. Dit kom alleen van God wat deur die Heilige Gees die boodskap deur middel van mense aan die mens oordra. Paulus skryf: ‘Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.’ (2 Tim 3:16,17) Die Skrif is deur God ingegee, sodat elke mens volkome voor God kan wees.

“In die Bybel hoor ons die stem van ons Meester, wat gans anders is as die stem van hierdie wêreld. Daar is vir die mens geen ander middel om na God op te klim en Hom beter te leer ken as deur die Bybel nie. Ons kan nie God se wil vir ons uit onself, óf uit die wetenskap, óf uit die wêreld te wete kom nie. Die mens kan God nooit die voorwerp van sy wetenskaplike navorsing maak nie.

“Broers en Susters, hierdie Bybel is God se gesaghebbende ontmoeting met die mens. Dit is God se brief aan die mens. Daarom kon die Psalmis ook sê: ‘U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad.’ (Ps 119:105) ‘Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur *dit* te hou na u woord.’ (Ps 119:9)

Hierdeur kan ons Hom werklik leer ken na die ryke volheid van sy Openbaring. Hier in die Bybel ontmoet jy God en leer jy Hom ken soos nêrens anders nie. In hierdie Boek kom Hy na elkeen persoonlik as die Skepper God en stel Hy Homself bekend met die woorde: “Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.’ (Ex 20:2)

“Hier leer ons Hom ken as die Een wat ons lankal ken en vir ons so onuitspreeklik baie gedoen het. Ja, terwyl ons nog nie geweet het dat ons ’n God het nie, het Hy ons reeds geskep, gevorm en versorg.

“Die Bybel is die lewende Woord van God, waardeur gelowiges wedergebore word. Paulus, wat die wedergeboorte persoonlik ondervind het daardie dag op weg na Damaskus, skryf met oortuiging: ‘Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie,

want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo'. (Rom 1:16)

“Die Bybel leer ons onself beter ken soos ons werklik is. Die Bybel bring ons tot die besef dat ons diep verlore sondaars is. Telkens wanneer ons voor die Heilige God te staan kom, moet ons soos Jesaja uitroep: ‘Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is’. (Jes 6:5) Dan moet ons soos die tollenaar uitroep: ‘... o God, wees my, sondaar, genadig!’ (Luk 18:13)

“Juis in hierdie selfkennis van ons sonde bewys die Bybel sy Goddelikheid: Geen ander boek ter wêreld kan ons só tot die bewussyn van ons doemwaarheid bring nie, want watter mens kan ons oortuig van sonde? Hy is immers self 'n sondaar. Alleen die Drie-enige God (God, Jesus Christus en die Heilige Gees) het hierdie gesag. Maar in die Skrif leer ons ook Jesus ken as ons Saligmaker wat magtig is om ons uit die sondedood te verlos.

“Ons moet terug na die Bybel as ons God wil leer ken. Terug na die Bybel as ons ons verlorenheid reg wil verstaan en onder die waarheid van Jesus Christus se verlossingsgenade wil kom. Ons moet terug ‘tot die wet en tot die getuienis’ want dit leer ons die weg en die waarheid van die lewe. Dit is by uitstek die wet, die tien gebooie, wat ons sonde aan ons uitwys. Paulus skryf: ‘... want deur die wet is die kennis van sonde.’ (Rom 3:20) En Broers en Susters, kennis van ons sonde is die beginpunt van die weg tot die nuwe lewe deur Jesus Christus wat aan die kruis betaal het vir ons sonde, sodat ons kan vrygaan en lewe. Dít is God se doel met hierdie wêreld en die mensheid.

“Die Woord van God is die genademiddel waardeur God ons die weg tot saligheid deur Jesus Christus toon. Menslike metodes kan hier niks doen nie. Hierdie eenvoudige Woord van God is kragtiger as enige mag, want dit kan die mens tot bekering bring.

“Die Bybel is die stamwortel waaruit die Christelike geloof groei. Ons moet terug ‘tot die wet en tot die getuienis’ want dit is 'n krag van God tot saligheid. Dit is die wil van God dat ons geheel en al op sy Woord sal steun. God alleen is sy kinders se Leermeester. Daarom mag die mens nie by die wet en die profete beledigend verbygaan om by gebarste reënbakke te probeer om sy dors te les nie.

“Broers en Susters, ons moet terug na die Bybel as ons ware Christene wil wees. Ons, wat die Afrikaner

insluit, moet die hoë gesag van God se Woord erken; en ons mag nooit wys wees bó God se Woord nie.

“Die een groot behoefte van alle mense wat hulself leer ken het, is die behoefte aan redding van sonde en die behoefte aan saligheid. Die groot geroep van die hart van die sugtende mens is: Waar kry ek ’n genadige God? En dit is op hierdie vraag dat alleen die Bybel die beslissende antwoord gee.

“Daarenteen, hoe verlore is hulle wat hierdie wet en profete nie het nie, maar voor afgode kniel. Die oorsprong van die wet en die getuienis is uit God alleen. Wie hierdie waarheid uit die oog verloor, sal noodwendig geen waarde aan die Bybel en die boodskappe in hierdie Boek heg nie. Diegene wat hierdie Goddelike Openbaring verwerp, ontnem hulself die hoogste voorreg van die mens as redelike wese. En wie die geheimenisse van God nie wil erken nie, sal nooit volle toegang tot die geheimenisse van die verstand hê nie. Hulle verarm hulself van die hoogste gawes. Die wat nie op die wet en profete ag slaan nie, kan volgens die profete slegs skrik en ellende verwag.

“Die een wat sonder die Bybel wil lewe, is iemand ‘wat geen dageraad het nie.’ En Broers en Susters, daar is vandag baie wat so lewe, self onder ons eie geleedere. Is dit nie daarom dat die verwarring in hierdie wêreld só groot is en nasies in so ’n diepe duisternis verkeer nie? Is dit nie omdat ons vreemd staan teenoor die Bybel dat ons die Bybel se heiligheid nie meer ken nie. En omdat ons God nie ken nie, daarom ken ons onself ook nie. En daarom strek ons nie meer radelose hande uit na God om redding nie.

“Dank die hoogverhewe HERE dat Hy diep neergebuig het tot by die mens en Homself aan ons bekendgemaak het. Wat ’n onuitspreeklike voorreg dat ons hierdie Openbaring van God ontvang het. God se liefde vir sy Kerk blyk juis daarin dat Hy sy Woord as pand aan ons kom toevertrou het, sodat ons Hom daaruit kan leer ken en sodoende beter kan dien. Wat beteken dit nie vir die individu en ’n volk om in sy benoudheid God se aangesig te kan soek en in hierdie Woord vrede en vergifnis te ontvang nie. En ’n volk wat in nood en gevaar is, kan hierin sy God kom ontmoet tot vertroosting en bemoediging.

“Daarom gemeente sluit ek vanmôre af in die Naam van God. Sal ons dan nie weer God se wense liefkry en God se gesag erken nie?

“Stel u onder die geklank van hierdie Woord Sondag na Sondag. Versuim geen geleentheid om die prediking daarvan te verneem nie. Stel u lewe op die gesag van hierdie Woord. Só sal daar vir u ’n lig wees en ’n ewige daeraad hierna.

“Amen.”